# Menslike Verhoudinge Onder die Soeklig.

Ondergetekende het die voorreg gehad om van 3 tot 15 September 1956 die Internasionale Konferensie oor Menslike Verhoudinge in Nederland, namens die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. Dept. Onderwys, Kuns en Wetenskap by te woon en aan die besprekinge deel te neem.

Hierdie eerste Internasionale Konferensie oor Menslike Verhoudinge was 'n wetenskaplike byeenkoms met 'n praktiese inslag.

Ongeveer tweehonderd persone uit sowat veertig lande het twee weke lank ernstig beraadslaag oor een van die dringendste probleme van alle tye—en ook van die twintigste eeu—nl. die probleem van die verhouding van mens teenoor mens. Mense van die teorie en van die praktyk uit baie lande en beskawings het met mekaar gedagtes gewissel.

---

1) Oor 'n Christelike program van aksie om die gevare van die materialisties-geörienteerde totalitarisme die hoof te bied, sal die skrywer later D.V. 'n afsonderlike artikel skryf.

Sosioloë, psigoloë, psigiaters, ekonome, medici, volkekundiges, wysgere, teoloë, nyweraars, amptenare, staatsmanne en ander uit Oos-, Noord-Suid-, en Wes-Europa, die Engelse eilande, Suid- en Noord-Amerika, Asië, Australië, Kanada, Nieu-Seeland, die Midde-Ooste, Noord- en Suid-Afrika, hulle almal het in die rustige en skilderagtige dorpie Berg-en-Dal, wat aan die Hollands-Duitse grens geleë is en toegang bied tot die histories bekende Keiser Karelstad (Nijmegen), vergader om te luister na en te spreek oor die veranderinge in die verhoudinge van mense en die weerstande teen hierdie veranderinge.

Die gedagte om 'n Internasionale Konferensie met soveel luister te belê het ontstaan by en uitgegaan van die Nederlandse Koninklike gesin. Dit het dan ook onder beskerming van Haar Majesteit Koningin Juliana, en die hoofvoorsitterskap van Sy Koninklike Hoogheid Prins Bernard plaasgevind.

Die spontane reaksie op hierdie gedagtes is voortreflik weerspieël in die belangstelling uit soveel lande, en verder ook in die feit dat die Nederlandse Regering in samewerking met die Nederlandse bedryfslewe hierdie Konferensie finansieel en ook andersins moontlik gemaak het.

Hierdie Konferensie was nou wel Internasionaal—maar dit was geen massakonferensie in die sin dat daar duisende afgevaardigdes was nie—dit was van beperkte omvang, omdat gevoel is dat die swaartepunt in die sg. seksievergaderinge moes val waar daar in kleiner kring en op 'n hoë vlak oor al die probleme van praktyk en teorie deeglik en ernstig gediskuseer kon word. Aan hierdie doelstelling is in hoë mate voldoen ook mede as gevolg van die skitterende organisasie. Ongeveer vyftien ervare deskundiges van die wêreldbekende vertaalorganisasie „Simulta", van Geneve, was daarvoor verantwoordelik dat die afgevaardigdes met behulp van oorfone die verrigtinge in een van die vier offisiële tale, nl. Engels, Duits, Frans en Spaans, deeglik kon volg

Prins Bernard het as hoofvoorsitter opgetree en is verder ook bygestaan deur die volgende voorsitters (afgesien van die verskillende „seksievoorsitters") nl.:

Dr. M. A. Chavez, Ambassadeur van Meksiko, sir Muhammed Kahn, Regter by die Internasionale Geregshof, en dr. A. de Smaele, Oud-Minister van Ekonomiese Sake van België. Die organisasie het hoofsaaklik gerus op die skouers van prof. dr. F. Rutten, 'n gewese Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en tans hoogleraar in die Psigologie aan die Universiteit van Nijmegen en skrywer van die insiggewende

boek „Menslike Verhoudingen" (1956). Hy is deur prof. E. de Vries, Hoof van die Instituut vir Sosiale Studies in Den Haag, dr. Berger en 'n hele span medewerkers bygestaan.

In die onderstaande paragraaf word 'n poging aangewend om die leser 'n idee te gee van die verskillende vraagstukke wat onder die soeklig gekom het. Hierdie vraagstukke is op 'n besonder indringende wyse deur geleerdes van wêreldnaam voorgedra en toegelig.

G. Thibon, 'n Franse filosoof, prof. E. Rothacker (hoogleraar in Wysbegeerte aan die Universiteit van Bonn) en prof. Ch. Dodd (hoogleraar in die Teologie, Universiteit van Oxford) het hulle besig gehou met die behandeling van: **Die Filosofiese Grondslae van Menslike Verhoudinge.** Prof. Fred. L. Polak, 'n bekende Nederlandse sosioloog, het hom hierby aangesluit met 'n voordrag oor: **Verantwoordelikheid vir die Toekoms.**

'n Bekende Franse joernalis, dr. J. Foltiet, het die probleem van: **Die Veranderinge in die Menslike Betrekkinge** behandel, terwyl prof. O. Brachfeld, uit Caracas, Venezuela, prof. E. Thompson (hoogleraar in die Sosiologie aan Duke Universiteit, V.S.A.) en prof. B. Kuppuswamy (hoogleraar in Psigologie, Universiteit van Mysore, Indië) hulle besig gehou het met: **Weerstande wat bestaan teen veranderinge in die Menslike Verhoudinge.**

Prof. M. Turhan (hoogleraar in die Psigologie, Universiteit van Istanbul, Turkye) het hom bepaal by: **Die faktore wat die Verhoudinge tussen groepe beïnvloed** (met besondere verwysing na Turkye).

Prof. L. A. Costa Pento (hoogleraar in die Sosiologie, Universiteit van Rio de Janeiro) se referaat het gehandel oor: **Die Sosiale Struktuur, die Sosiale Veranderinge en Menslike Verhoudinge,** terwyl prof. A. Terstenjak (hoogleraar in Psigologie en Teologie, Universiteit van Ljubljana in Joegoslawië) en prof. R. König (hoogleraar in die Sosiologie, Universiteit Keulen) hulle besig gehou het met: **Oorgang van 'n Agrariese na 'n Industriële Gemeenskapslewe.**

'n Muzelman uit Algerië, prof. H. Boukakeur, en prof. D. Majumdar (hoogleraar in Volkekunde, Universiteit van Lucknow, Indië), het hulle besig gehou met: **Die Houding van Volksmassa teenoor Erflike Leierskap en/of Verkose Leierskap.**

Prof. R. Riccardi (direkteur Instituto per L'Addestramento nell' Industria, Milaan), prof. G. Fisher (hoogleraar in Industriële Organisasie, Universiteit, Munich) en prof. F. van der Ven (hoogleraar in Ar-

beidsreg, Tilburg) het gespreek oor: **Verhoudinge tussen Werkgewers en Werknemers,** terwyl prof. K. Busia (hoogleraar in Sosiologie, Universiteit van die Goudkus, d.w.s. Ghana), prof. R. Sing (hoogleraar in Sosiologie, Universiteit van Nagpur, Indië), en dr. F. Diemer van Rotterdam hulle besig gehou het met: **Probleme in verband met die Huisgesin en die Emansipasie van die Vrou.**

Ten slotte het dr. A. Wilson van die Tavistock Instituut vir Menslike verhoudinge, Londen, en dr. J. van Vucht Tijssen, direkteur van die Stigting vir Personeelbestuur, Hengelo, Nederland, 'n diepgaande en interessante ontleding gemaak van die: **Verband tussen Navorsing en die Toepassing van Kennis op die gebied van Menslike Verhoudinge.**

Benewens hierdie een-en-twintig interessante en insiggewende voordragte het elke konferensieganger vooraf nog ongeveer 'n vyftigtal uitgewerkte en goed gedokumenteerde referate ter bestudering ontvang, omdat dit as uitgangspunt vir die bespreking in die seksievergaderinge gedien het.

Hierdie Konferensie se doel was hoofsaaklik om 'n voorraadopname te maak van die probleem, en om verder vas te stel watter pogings aangewend word en aangewend behoort te word om dit die hoof te bied. Verder sou dit dien as 'n voorbereiding vir 'n volgende Internasionale Konferensie oor Menslike Verhoudinge wat D.V. binne drie of vier jaar belê sal word.

Wat uit al hierdie toesprake, referate en besprekinge baie duidelik na vore gekom het, was dat die menslike verhoudinge iets fundamenteels is, en dat dit 'n besonder belangrike rol in die lewe van die enkeling, die groep en die volk speel. Dit is inderdaad 'n universele verskynsel wat aan alle mense en beskawings gemeenskaplik is, en wat ook die ernstige aandag van teorie en praktyk vereis.

Die gedurige wisselwerkende menslike verhoudinge bring die sosiale werklikheid of menslike samelewing tot stand, wat in verskillende samelewingsverbande uiteenval, soos die huwelik, huisgesin, staat, kerk, skool, bendes, allerlei maatskaplike organisasies, ens. Hierdie samelewing is ons daaglikse omgewing, en ons as mense ervaar gedurig die kragte en magte wat in die menslike samelewing onder die toelating van God, werksaam is, en die velerlei verhoudinge wat ons daaraan verbind. Die samelewing word onder die voorsienige bestel van God steeds gevorm deur 'n uiters ingewikkelde samespel van kragte en 'n menigvuldigheid van verhoudinge tussen mense, wat aanleiding gee tot

die vorming van allerlei soorte groeperings en maatskaplike strukture. God het samelewingsvorme gewil en tegelykertyd het Hy ook vir hierdie samelewingsvorme hulle norme gegee. Waar hierde norme veronagsaam word vind ontaarding, ontwrigting, ontbinding en ondergang plaas. Die maatskaplike verhoudinge en samelewingsvorme is noodsaaklik vir die mens en sy voortbestaan. Die noodsaaklikheid hiervan is o.a. geleë in die maatskaplike aard van die mens, wat nou eenmaal deur God so geskape is dat, „dit nie goed is dat hy alleen is nie", soos ons Huweliksformulier dit dan ook treffend stel. Dit is egter nie net in die huwelik dat ons die medemenslikheid bewaar bly sien nie, maar die medemenslikheid bestaan ook in al die tallose ander verbande.

Die mens is so geskape dat hy sy doel alleen maar saam met sy medemens kan bereik. Daarom verskil mense ook van mekaar. Hulle het mekaar nodig en vul mekaar in die lewe aan. Dit bring die maatskaplike verhoudinge voort en dit omspan die ganse samelewing of menslike bestaan. Dit gryp diep in in die lewe en bestaan van die mens, want wanneer ons die mens onbevooroordeeld gadeslaan dan word ons getref deur die vele en velerlei relasies of verhoudinge, waardeur mense met mekaar verbonde is en hierdeur op aangewys word.. Dink maar aan die sg. tussen-persoonsverhoudinge, familiale verhoudinge, eiendomsverhoudinge, religieuse verhoudinge, ens. en ook al die probleme wat dit mag meebring.

Elke mens speel gedurig 'n rol in die samelewing, hetsy 'n opbouende of afbrekende, en hy beklee 'n sekere posisie. Inderdaad, die mens is 'n deelnemer aan die drama wat Lewe genoem word. Die mens gryp in en handel, hy is 'n aktiewe, doelstellende, willende, handelende, waardebepalende en verantwoordelike wese, met 'n besef en oortuiging van saamhorigheid en deelgenootskap met sy medemens, groep, volk en die wêreld. Die lewe en voortbestaan van die mens as enkeling, as mens in-verbondheid-met en in-afgestemdheid-op sy medemens kan alleen voortbestaan en gewaarborg word deur sy gebondenheid aan die Wet van God. God eis dat die mens ook midde in die lewenswerklikheid in verhouding tot en met sy medemens leef.

Wanneer daar fout is met die menslike verhoudinge dan kan dit maklik misloop met produksie en distribusie, met die verhouding tussen landbou en industrie, tussen bedryfslewe en owerheid, werkgewer en werknemer, oud en jonk, man en vrou, kind en ouer, kind en onderwyser, volk en volk, ens., ens.

Dit is dan hieroor dat daar gekonfereer is! 'n Opvallende verskynsel was dat vir die meeste afgevaardigdes die begrip menslike verhoudinge sinoniem was met rasseverhoudinge, en dat dit altyd so veronderstel is as sou die gekleurde rasse onderdruk word. Verder dat dit alles by die blankes altyd op 'n kleurvooroordeel berus en daarom verwerplik, veragtelik en afkeuringswaardig is. Onnodig om te sê na watter land verwys is om hierdie stellings te staaf. (Soms is daar ook na die V.S.A. verwys).

By hierdie byeenkoms het dit vir my weer eens duidelik geword dat die mens veel dieper as sy rede, verstand en gevoel lewe. Hy lewe uit sy diep gewortelde lewens- en wêreldbeskouing wat ten diepste in sy Godsbeskouing verankerd lê.

Dit het vir my ook duidelik geword dat op so 'n Wêreldkonferensie wat deur soveel mense met soveel uiteenlopende lewens- en wêreldbeskouinge, Godsdienstig opvattinge, kultuuragtergronde, beskawingspeile, politieke strewes, en les bes, mensbeskouinge bygewoon is, dit maar moeilik gaan om tot eenstemmigheid te kom omdat 'n gemeenskaplike uitgangspunt en einddoel so verskillend is. Oppervlakkig wil dit soms voorkom asof die uitgangspunt nl. die mens en sy maatskaplike verhoudinge—en ook die einddoel, nl., die mens en die verbetering van sy verhoudinge—tog gemeenskaplik is. Meer nog! Dat hieroor totale eenstemmigheid is. **Maar wanneer 'n mens fyn luister en waarneem dan word jy deur die teenoorgestelde getref, nl. dat daar diepgaande, selfs onoorbrugbare, verskille bestaan, want die teenstelling tussen die antroposentriese en teosentriese mensbeskouinge het ook hier duidelik na vore getree. Beskouinge en visies wat prinsipieël onversoenbaar is omdat dit diametraal teenoor mekaar staan.**

Die antroposentriese mensbeskouing, d.w.s. waar die mens as sentrum, as begin en eindpunt, as die alfa en omega verheerlik word, het die belangrikste rol gespeel. Van die mens as skepsel van God wat in sonde ontvang en gebore word maar wat in die bloed van Jesus Christus verlossing en dekking gevind het, het maar bloedweinig tereg gekom.

Selfverheerliking van die mens in plaas van aanbidding en die erkenning van die soewereiniteit van God was tog maar die grondtoon. Daarom kon daar nie verstaan word dat . . . „hoezeer het unieke en centrale van de mens, niet de weg baant naar de zelfverheerliking. Want als men over dit unieke en centrale nadenkt, dan zal men het nimmer mogen uitlichten uit de ontdekkende context van Romeinen 8,

waar de mens in zijn centrale positie in verband gezien wordt met de vloek en de vruchteloosheid, waaraan de ganse schepping is onderworpen . . . Maar tegelijkertijd zien we het unieke en centrale van de mens betrokken op de hoop, en komt het in het volle lichte te staan, als we horen van een reikhalzend verlangen van het creatuur naar het openbaar worden der kinderen Gods, wanneer óók de schepping bevrijd zal worden van de diensbaarheid aan de vergankelijkheid . . ." (Berkhouer, G.C., in sy jongste werk **„De Mens Het Beeld Gods"**, p.402).

By die behandeling van die mens en sy verhoudinge het die ewige dilemma tussen individualisme en kollektivisme ook gedurig maar na vore gekom.

Die individualisme wat slegs die enkele mens sien soos hy losgeskeur is van sy bowetydelike lewenswortel en hom dan verheerlik. Vir hom is die individu dus begin en eindpunt. Ja, die maat van alles. Hierteenoor is die kollektivisme weer sterk gehandhaaf. Dit sien die individu as geheel en al opgaande in en bepaal deur die gemeenskap. Die mens is slegs funksie van die samelewingstotaliteit.

Hierdie mensverankerdheid en aardgebondenheid wat in al die immanensie-sisteme ten grondslag lê, het hier in al hul bonte en soms verbluffende verskeidenheid op die podium verskyn, en ook drukkend oor die konfereertafels gehang.

Hieruit het dit baie duidelik geblyk dat daar 'n onmiskenbare antitese bestaan, enersyds tussen 'n Protestants-Christelike mensbeskouing met alles wat dit in die praktyk van die lewe inhou en andersyds, 'n naturalistiese, personalistiese, evolusionistiese, biologiese, positiwistiese, pragmatiese, progressivistiese, eksperimentalistiese, intellektualistiese, materialistiese, Freudiaanse, en wie weet watter ander beskouinge van die mens, van mens wees, en van die menslike roepingsvervulling op aarde.

Slegs nou en dan het daar positief Christelike beskouinge vir 'n wyle na vore gekom, wat helder geskitter het in uitsprake soos die van Koningin Juliana in haar welkomswoord: „Het is toch zo, dat liefde het hoogste is in alle verhoudingen en dat is, het geven van het hart. Zo gij liefde hebt onder elkander, daaraan zullen de mensen herkennen, dat gij discipelen zijt van de Ene, die tot het einde toe de mensen heeft liefgehad. Laten wij niet vergeten, dat dit de formalistische mens een ergernis en de verstandsmens een dwaasheid is . . . Dit is de aanbiddelijke onberekenbaarheid waarmee God het leven schept en steeds ver-

jongt en het ons schenkt, opdat wij het zouden besteden in Zijn dienst en in die van Zijn kinderen."

En dan was dit dat 'n mens werklik onder die indruk van hierdie vraagstuk gekom het, want die onderwerp van die menslike verhoudinge is die onderwerp van die mens self, van die bestaan, ontwikkeling en voortbestaan van die mensheid soos hy verspreid woon in verskillende lande van die wêreld en in die verskillende tydperke van sy geskiedenis.

Dan kom 'n mens werklik onder die besef dat wat hierdie verhoudinge tot ons medemens betref, ons ons inderdaad in hierdie eeu midde in 'n ingewikkelde problematiek bevind. Weinig vraagstukke gryp in ons tyd so diep as die van mens teenoor mens, en mens teenoor God. Ons eeu met al sy konflikte, wrywing en ontwrigting op alle gebied van die menslike samelewing is geleë in die feit dat daar iets skort met die verhoudinge tussen mense. Die diepste grond van hierdie ontwrigtende toestande —soos dit weerspieël word in die ongesonde en onbevredigende verhoudinge tussen mense wat op stryd, konflik, haat en oorlog uitloop—is seker in die eerste plek geleë in die verkeerde houding teenoor God en Sy Gebod „Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (**Mattheüs** 22: 37, 38, 39).

Die gebod van die liefde tot die naaste is seker nie maar net meganies toegevoeg tot die eerste en groot Gebod nie, maar dit benadruk en karakteriseer inderdaad ons verhouding tot ons medemens. Dit behoort tot die wesenlike van die mens!

Ons kan myns insiens 'n tweërlei verhouding in die lewe van mense onderskei (waarin ons as mense geplaas word), nl. 'n vertikale en 'n horisontale verhouding. Met die vertikale verhouding bedoel ons die verhouding van die mens tot God. Dit bepaal onder andere ons lewens- en wêreldbeskouing, wat weer 'n groot invloed op ons alledaagse lewenspraktyk uitoefen. Die horisontale verhouding is die verhouding waarin ons as mense teenoor ons medemens in al sy bonte verskeidenheid staan. Hierdie verhouding sal op sy beurt beïnvloed word deur ons verhouding tot God.

Daarom kan die vraag na die mens en sy verhouding tot sy medemens nooit losgemaak word van God nie. In die diepste is dit 'n religieuse vraagstuk en moet hieruit benader word. Calvyn het reeds

daarop gewys dat Godskennis en selfkennis (menskennis) ten nouste met mekaar saamhang.

Menswees beteken vir die Calvinis dat individu en gemeenskap steeds na mekaar bly vra en dat bo altwee God staan wat hulle met mekaar in verband bring, lei, rig en oordeel in hierdie sondige wêreld, en in hierdie tyd van Genade.

Elke mens staan inderdaad in die praktyk van die lewe onder die allesoorheersende waarheid van skepping, sondeval, verlossing, roeping, eindverwagting. Hierdie waarhede moet opnuut in die belangstellingsfeer en die sentrum van beraadslaginge oor Menslike Verhoudinge te staan kom indien ons enige blywende resultaat op ons beraadslaginge en arbeid wil ervaar. Die m-e-n-s moet minder en G-o-d Drieënig meer word—ook in die tweede helfte van ons eeu met al sy vraagstukke.

My vrou en ek het hierdie Konferensie met gemengde gevoelens en baie vrae in die hart verlaat, en met ons Volkswagenwoonbus koers gekies na vreemde lande, onbekende mense en nuwe interessante ondervindinge—om aan eie lyf te ervaar wat gesonde en wat ongesonde menslike verhoudinge vir 'n Afrikaner daar oorkant die blou waters inhou!

P. J. VAN DER WALT.

Dept. Sosiologie,
P.U. vir C.H.O.